higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:00

OOPBOEKEKSAMEN

Twee woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en twee bykomende verwysings mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en twee addenda van 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke AFDELING op ’n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Gebruik die addenda (ADDENDUM A en B) soos in die spesifieke vrae aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: EFFEKTIEWE STUDIE

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Ek wil voor 12:00 vandag my NSFAS-aansoekvorm gaan inhandig.	A	sekuriteitsbehoefte
1.1.2	Jy wil oor twee jaar aan die Two Oceans-marathon deelneem en begin nou al oefen.	B	sosiale behoeftes
1.1.3	Jy gaan sluit by die Youth Crusaders Klub van die kampus aan.	C	sensoriese geheue
1.1.4	Dit moedig jou aan om hard te werk en goed te slaag.	D	motivering
1.1.5	Jy vra dat jou vriend saam met jou kar toe stap omdat dit alreeds donker buite is.	E	korttermyndoelwit
		F	langtermyndoelwit

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die verskil tussen ’n *intrinsiek gemotiveerde persoon* en ’n *eksentriek gemotiveerde persoon*. Illustreer aan die hand van ’n voorbeeld elkeen van hierdie verduidelikings. (4)

2.2 Jou oupa het altyd gesê jy moenie tyd mors nie, want jy kry dit nooit weer terug nie.

Gee TWEE redes hoekom ons soms tyd mors. (2)

2.3 Daar is verskeie beginsels om tyd effektief te bestuur.

Noem TWEE beginsels van effektiewe tydsbestuur. (2)

2.4 Die proses van memorisering bestaan uit DRIE fases. Die eerste van hierdie DRIE fases is enkodering.

Wat is die ander TWEE fases? (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 15

AFDELING B: LUISTERVAARDIGHEDE

VRAAG 3

3.1 Ekstrapersoonlike kommunikasie beteken om met ’n plant of hond te gesels. Dit is een van VIER kategorieë van kommunikasie.

Noem nog TWEE kategorieë van kommunikasie. (2)

3.2 Gee die verskil tussen *luister* en *hoor*. (2)

3.3 Daar is baie interne struikelblokke wat kan verhinder dat iemand luister.

Noem EEN interne fisiese struikelblok wat hierdie stelling kan illustreer. (1)
[5]

TOTAAL AFDELING B: 5

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4

Jy is ’n lid van jul kampus se Studenteraad (SR) en ook die koördineerder vir die komende spanbou en opleidingsnaweek wat gaan plaasvind. Jy stuur op die Maandag voor jul vertrek ’n memorandum aan al die SR-lede om hulle oor die reëlings in te lig. Die verwysing van hierdie dokument is SR/2020/14. Die bussie gaan Donderdag 14 Maart om 06:00 stiptelik vertrek. Die studente moet reeds om 05:00 met hul bagasie voor die Administratiewe Blok aanmeld. Elke student is verantwoordelik om sy/haar kospakkie by die kombuis te gaan afhaal en daarvoor te teken. Elke student is verantwoordelik vir sy eie drinkgoed tydens die rit. Geen alkoholiese drank sal toegelaat word nie.

Studente moet ook hul eie kussings inpak. Omdat ’n staproete afgelê gaan word, moet elke student gemaklike stapskoene, ’n sonhoed en sonbrandroom inpak.

Al die lede moet onthou om die SR-konstitusie saam te neem, asook ’n leë lêer en skryfbehoeftes. Studente wat chroniese medikasie gebruik, moet onthou om dit in te pak.

Gebruik die aangehegte memorandumvorm (ADDENDUM A) en voltooi dit volledig. Maak seker jy dien dit saam met jou vraestel in. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D: LEES- EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VRAAG 5

Daar is talle situasies waar ons leesvaardighede gebruik. Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (5.1–5.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Om tydens jou studies te ontspan, lê en lees jy ’n lekker interessante storie in ’n tydskrif	A	proeflees
5.2	Jy soek op die spyskaart wat die prys van ’n Hawaise pizza is	B	lees vir ontspanning
5.3	Tydens die eksamen is jy ’n halfuur voor die tyd klaar en sit en lees jou antwoordboek deeglik deur om te verseker dat jy nie spelfoute gemaak het nie	C	soeklees

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 6

Lees die aangehegte artikel 'Vyf stappe om seksuele mishandeling van kinders te voorkom' (ADDENDUM B). Beantwoord al die vrae wat volg.

6.1 ’n Ouer moet proaktief oor die veiligheid van hul kinders wees.

Gee TWEE voordele wat dit vir ’n kind sal inhou. (2)

6.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Staaf jou antwoord deur ’n sinsdeel uit die teks aan te haal.

Seksuele mishandeling is ’n onderwerp waaroor mense maklik en spontaan gesels. (3)

6.3 Hoeveel stappe is daar wat ’n ouer kan gebruik om hulself te bemagtig? (1)

6.4 Watter TWEE skokkende statistieke hou die Nasionale Hulpbronsentrum vir Seksuele Geweld voor oor die mishandeling van kinders voor hul 18 jaar oud is? (2)

6.5 Watter sielkundige het die statistiek van die NSVRC bevestig as waarheid? (1)

6.6 Watter mense hou soms die grootste gevaar vir kinders in? (1)

6.7 Hoe kan jy die risiko van seksuele mishandeling van kinders aansienlik verminder?

Gee TWEE wenke om dit te verseker. (2)

Kopiereg voorbehou

6.8 Wat moet jou kind se versorgers van jou kind respekteer? (1)

6.9 Wat kan jy voorkom indien jy hierdie onderwerp met jou kind se versorgers bespreek? (2)

6.10 Noem TWEE wenke as dit kom by die gesprek met jou kinders oor hul liggame. (2)

6.11 Noem TWEE fisiese tekens wat by jou kind kan voorkom indien hy/sy seksueel mishandel word. (2)

6.12 Hoekom is dit van kritieke belang dat jy as ouer moet kalm bly as jou kind onthul dat hy/sy mishandel is? (1)

6.13 Hoeveel kinders word volgens StopItNow.org jaarliks seksueel mishandel? (1)

6.14 Noem EEN van die professionele opgeleide persone waarheen jy jou kind kan neem vir hulp. (1)

[22]

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E: REMEDIËRENDE AFRIKAANS

Lees weer die aangehegte artikel 'Vyf stappe om seksuele mishandeling van kinders te voorkom' (ADDENDUM B) en beantwoord die volgende vrae.

VRAAG 7: SINONIEME

Gee ’n woord met DIESELFDE betekenis (sinoniem) vir die volgende woorde wat in die artikel voorkom:

7.1 Weerloosheid (paragraaf 1)

7.2 Bemagtig (paragraaf 1)

7.3 Dui (paragraaf 5)

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 8: ANTONIEME

Gee ’n TEENOORGESTELDE woord (antoniem) vir die volgende woorde wat in die artikel gebruik is:

8.1 Moeilike (paragraaf 1)

8.2 Veilig (paragraaf 1)

8.3 Persoonlik (paragraaf 4)

8.4 Moontlike (paragraaf 5)

[4]

VRAAG 9: WOORDSOORTE

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (9.1–9.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.1	Duidelik	A	voorsetsel
9.2	Vir	B	voornaamwoord
9.3	Bespreek	C	lidwoord
9.4	Jou	D	selfstandige naamwoord
9.5	Kinderoppasser	E	werkwoord
9.6	’n	F	byvoeglike naamwoord

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 10: SAMESTELLINGS

Die woord 'waarskuwingstekens' kom in paragraaf 8 voor en is ’n samestelling van die woorde 'waarskuwing' en 'tekens'.

Gee die samestelling van 'lewe' en 'beginsel'. **[1]**

VRAAG 11: SEMANTIEK

Verduidelik in jou eie woorde wat die woord 'anatomies' in paragraaf 7 beteken. **[2]**

VRAAG 12: LEESTEKENS

12.1 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van die laaste sin in paragraaf 1? Dit is die sin wat onderstreep is. (2)

12.2 Wat is die funksie van die uitroepteken (!) aan die einde van die tweede paragraaf?

'... die grootste gevaar kom nie van vreemdelinge nie, maar van vriende en familie!' (2)

12.3 Plaas die TWEE afwesige leestekens in die volgende sin op die korrekte plek sodat die sin taalkundig korrek is. Skryf die sin volledig oor en omkring die leestekens wat ingevoeg is.

Dit is ons plig om ons kinders te voed veilig te hou en groot te maak. Hoekom sal enige ouer dit anders wil doen. (2)
[6]

VRAAG 13: MEERVOUDE

Gee die meervoud van elk van die volgende woorde:

13.1 Risiko (in ’n sin van 'stap 1') (1)

13.2 Ruimte (paragraaf 4) (1)
[2]

VRAAG 14: VERKLEINWOORDE

Gee die verkleinwoorde van elk van die volgende woorde:

14.1 Kinders (paragraaf 1) (1)

14.2 Gesin (paragraaf 4) (1)
[2]

VRAAG 15: SINSKONSTRUKSIE

15.1 Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm neer:

Maak die geleenthede vir mishandeling so klein as moontlik. (2)

15.2 Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor:

Die sielkundige gesels met die getraumatiseerde kind. (2)
[4]

VRAAG 16

16.1 Lees die volgende paragraaf deeglik. Kies die korrekte spelling uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (16.1.1–16.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die student se geleentheid het vir haar weggery en sy kon nie haar ouers bel nie want haar selfoon se (16.1.1 sein/syn) was af. Sy het besef dat sy nou in (16.1.2 doodgevaar/doodsgevaar) verkeer omdat die omgewing baie onveilig was. Sy was baie verlig toe ’n polisie- (16.1.3 reservis/reserfis) verby ry en haar kon help.

(3 × 1) (3)

16.2 In paragraaf 7 word na die taalverskynsel eufemismes verwys. Gebruik ’n eufemisme en skryf die volgende sin in beter aanvaarbare Afrikaans oor.

Die student is afwesig want haar ouma het gedooi. (2)
[5]

TOTAAL AFDELING E: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:

ADDENDUM A

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4: MEMORANDUM

MEMORANDUM

AAN: ..... **VAN: .....**

VERWYSING: ..... **DATUM: .....**

ONDERWERP:

ADDENDUM A (vervolg)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

ADDENDUM B

VYF STAPPE OM SEKSUELE MISHANDELING VAN KINDERS TE VOORKOM

Seksuele mishandeling is ’n moeilike onderwerp vir die meeste mense om oor te praat, en dit is veral moeilik vir ouers om met hul kinders daaroor te praat. Deur proaktief oor veiligheid te wees, is daar verskeie maniere om jou kind se weerloosheid te verminder en jou kinders veilig te hou. Volg die vyf stappe hier onder en lê die fondament om jouself as ’n ouer te bemagtig:

Stap 1: Ken die feite en verstaan die risiko
Die Nasionale Hulpbronsentrum vir Seksuele Geweld (NSVRC) skat dat een uit elke vier meisies en een uit elke ses seuns seksueel mishandel word voordat hulle 18 is.

Sielkundeprofessor Laura Berk bevestig hierdie berekening en verduidelik dat kinders van albei geslagte aan seksuele mishandeling onderworpe is, maar meer dikwels meisies. Vir die meeste slagoffers begin die mishandeling vroeg in hul lewe en dit hou vir baie jare aan. Dit is ongelukkig waar dat die ouers van die mishandelde kind meestal die mishandelaars ken en vertrou; die grootste gevaar kom nie van vreemdelinge nie, maar van vriende en familie!

Stap 2: Maak die geleenthede vir mishandeling so klein moontlik
Volgens Darkness to Light, ’n organisasie sonder winsoogmerk wie se doel dit is om die seksuele mishandeling van kinders te bekamp, vind 80% van seksuele mishandeling in ’n een volwassene/een kind-situasie plaas. Deur een volwassene/een kind-situasies uit te skakel of te verminder, sal jy die risiko van die seksuele mishandeling van kinders aansienlik verklein. Kies groepsituasies indien moontlik en loer onverwags in as jou kind alleen is by ’n oppasser – selfs al is die kinderoppasser ’n vertroude familielid. Maak seker dat uitstappies dopgehou kan word, hetsy deur jou of deur ander volwassenes.

Jy moet eksplisiete gesprekke voer met alle versorgers oor jou gesin se spesifieke reëls betreffende privaatheid en aanraking. Vra jou kind se versorgers om jou kind se persoonlike ruimte te respekteer. Jy moet ook jou vasberadenheid om jou kind teen seksuele mishandeling te beveilig met onderwysers en kinderoppassers deel; vind ’n manier om openlik te praat oor die inligting wat jy oor seksualiteit en mishandeling met jou kind gedeel het.

Deur die onderwerp met jou kind se versorgers te bespreek, dui jy aan dat jy die eerste een is waarmee gepraat moet word indien die versorger mishandeling deur ’n ander party vermoed. Dit kan ook ’n moontlike molesteerder daarvan weerhou om sy of haar posisie as gesagsfiguur teenoor die kind te misbruik.

Stap 3: Leer jou kinders en praat oor seksuele mishandeling
Professor Berk beklemtoon dat kinders dikwels mishandeling geheim hou; mishandelaars verplig die kind op ’n verskeidenheid maniere om saam te speel, waar onder misleiding, omkopery, mondelinge intimidasie en fisieke dwang. Die mishandelaar sal dikwels die kind beskaamd maak of probeer om die kind vir die seksuele kontak te blameer. Ouderdomsgepaste en eerlike kommunikasie met jou kinders sal ’n kind minder weerloos maak teen seksuele mishandeling en die kind meer geneig maak om te sê as mishandeling plaasgevind het.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B (vervolg)

Leer kinders oor hul liggame en moenie eufemismes gebruik in die plek van die anatomies korrekte terme vir hul geslagsorgane nie; gee hulle toestemming om eienaarskap van hul eie liggame te neem en om elke deel op sy regte naam te noem. Dit leer hulle dat die geslagsdele, hoewel privaat, nie só privaat is dat jy nie daaroor kan praat nie. Skep, namate jou kinders ouer word, 'n omgewing in jou huis waar seksuele onderwerpe vryelik bespreek kan word.

Stap 4: Wees op jou hoede

Moenie openlike of duidelike tekens verwag as jou kind seksueel mishandel word nie. Waarskuwingstekens kan meer subtiel wees as wat jy dink. Hoewel fisiese tekens – soos rooiheid, uitslag of swelling in die omgewing van die geslagsdele – noukeurig ondersoek moet word, is emosionele en sielkundige tekens dikwels die eerste rooi vlae wat mishandeling aandui. Hierdie rooi vlae sluit in angs, depressie, swak selfbeeld, wantroue teenoor sekere volwassenes, woede, vyandigheid, slaapprobleme, verlies van aptyt, regressiewe gedrag en algemene bangheid.

Stap 5: Wees gereed met 'n plan

Dit is van kritieke belang om kalm te bly as jou kind onthul dat hy of sy mishandel is. Jou reaksie sal 'n groot invloed op 'n reeds kwesbare kind hê; probeer om nie te oorreageer nie. Doen 'n proeflopie in jou kop: Dink vooruit hoe jy sal reageer as jy ooit deur hierdie soort scenario gekonfronteer word. Die NSVRC beveel aan dat die kind aangemoedig moet word om te praat maar dat daar nie uitlokkende vrae gevra moet word nie. Dit sou ook wys wees om die hulp te verkry van 'n professionele persoon wat opgelei is om kinders in verband met mishandeling te assesseer en met hulle te praat. Kontak jou kinderarts, die plaaslike kinderbeskermingsagentskap of die polisie.

Volwassenes verbeur elke dag goeie geleenthede om die seksuele mishandeling van kinders te voorkom as gevolg van verkeerde inligting en verwarrende stereotipes oor seksuele mishandeling. Volgens StopItNow.org word daar bereken dat meer as 300 000 kinders elke jaar seksueel mishandel word. Statisties gesproke is daar 'n groot moontlikheid dat jy reeds weet van 'n seun of dogter wat seksueel mishandel is – en waarskynlik weet van iemand wat 'n kind mishandel het. Deur jouself op te voed, kan jy 'n kragtige invloed uitoefen om die wêreld 'n veiliger plek vir kinders te maak.

Verwerk uit: https://jo*ugesin.solidariteit.co.za/5-stappe-om-seksuele-mishandeling-van-kinders-te-voorkom/*

Kopiereg voorbehou